Tema: Troos, bemoedig en gee mekaar hoop met die oorvloedige bemoediging wat Christus ons bied.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Ps 147 - 1: 1, 2, 4 en 5

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Sb 11 - 2: 1,2,4
Votum
Seën
Loflied Sb 5 - 3: 1,2
Geloofsbelydenis: HK Sondag 12

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Romeine 12: 1 – 16
Sing Sb. 9 - 3: 1,2
Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: 2 Korintiërs 1: 3 - 11
Teksverse: 2 Kor 1: 4b en 5;
Woordverkondiging
Sing: Lied 577: 1,2,3,4,5

Sakramentbediening
Nagmaalsformulier met aksente deur J Calvyn;
Sing Sb 17 - 3: 1,2
Bediening van die Nagmaal
Sing aan tafel: Ps 116 - 1: 7, 10
Gebed.

Ons antwoord op die Woordbediening
Sing Lied 530: 1,2,3
Seën
Amenlied: Sb 13-3.

Geliefde brs en srs en kinders

Kyk bietjie rondom jou, luister wat mense sê en hoe hulle dit sê en jy sal agterkom dat daar baie mense is wat troos, bemoediging en hoop nodig het. Ons leef in ŉ stukkende wêreld en daar is mense naby aan jou en mense wat jy dag na dag ontmoet wat bemoediging en hoop nodig het. Mens in nood wat getroos en bygestaan moet word.

En die wonderlike genade van God is dat jy nie by jouself hoef te dink of sê: ek weet nie wat om te sê of wat om te doen nie! Want ek en jy ontvang soveel troos in ons eie swaarkry van God dat die Here. Ons hoor weer vanmore:
”In Christus ontvang ons oorvloedige troos!” Met ander woorde: ons het arms vol trooswoorde en troosdade om uit te deel! En nie sommer oppervlakkige en mensgerigte troos nie, maar ware troos in Christus!

Ons het mos verlede Sondag die wonderlike evangelie gehoor van God, ons Vader, deur Jesus, wat Hom oor ons ontferm en ons in alle omstandighede help, troos en moed gee. Ja, daar is vir ons troos en bemoediging en hoop in God! En sy bedoeling is dat ek en jy draers van hierdie troos van die Here word. Dat ons nie soos die spreekwoordelike Jobstroosters mense in nood eintlik van die wal in die sloot help en hulle dieper in moedeloosheid en wanhoop en swaarkry inpraat nie!

Nee ons leer vanmore by die Here dat wanneer God in ons lewe ingryp en Hom oor ons ontferm, ons help, troos en bemoedig, dan verander Hy ook ons hart, ons gesindheid en uitkyk op die lewe! Hy verander ons optrede as mens – jy en ek word ŉ trooster vir ander mense in moeilike omstandighede!

En daarom is die boodskap vanmore: Troos, bemoedig en gee mekaar hoop met die oorvloedige bemoediging wat Christus ons bied.

Dit is mos waarom Jesus die gelykenis van die barmhartige Samaritaan vertel het! Dat ons kan weet wie en hoe ons moet help!

Kinders, julle ken moet die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan?
Jesus vertel mos die storie van die man wat op pad was en wat langs die pad deur rowers aangeval is en baie seer gekry het. Daar kom toe twee gelowige mense verby maar hulle maak asof hulle hom nie sien nie en hulle ver van hom af verby! Maar toe kom daar ŉ Samaritaan verby! ŉ Mens van wie die Jode gedink het dat hy ŉ slegte mens is en die Samaritaan hy kry toe die man wat aangeval is jammer en hy doen alles in sy vermoë om hom te help. Hy gaan uit sy pad uit, spandeer tyd en geld en aandag!

Die les van Jesus se gelykenis is dat ons soos die barmhartige man moet wees nê? Nie soos die ander wat verby geloop het nie!

Want wat is ŉ "barmhartige" mens? Dit is iemand wat self al seer gekry het, wat hulp nodig gehad en die Here het hom of haar gehelp! En nou: wanneer so ŉ mens iemand anders sien wat seerkry, dan gaan help jy! Jy kyk nie weg of loop verby nie, nee! Die mens in nood het jou nodig. Jy is sy of haar naaste en jy moet troos en moed en hoop gee met woorde en dade!

Brs en srs, volgelinge van die Here Jesus is barmhartige mense! Ons kry dit van ons Vader – die Vader van alle troos en bemoediging en die God wat in alle omstandighede help! Ons kry dit by Hom! Ons kan en mag nie mense in wanhoop, moedeloosheid en seerkry los nie! Onthou julle nog wat is die Griekse woord wat ons verlede week gehoor het vir God se bemoediging? Die woord is "Paraklesis" en dit beteken "om iemand nader te roep met die doel om hom of haar te help"! Dit is wat God ons gemaak het! Ons bring troos, hulp en hoop vir mense!

Nie oppervlakkige en mensgerigte hulp nie! Nee, die "oorvloedige bemoediging deur Christus" beteken ons klim - soos Jesus - in mense se skoene in en ons identifiseer met hulle seerkry en swaarkry. Ons hoor en beleef hulle nood en vanuit die werklikheid van die lyding in mense se lewe bring ons vir hulle Christus!

Ons teks sê baie duidelik: daar is oorvloed van troos en bemoediging in Christus! Jesus se verskriklike lyding het vir ons oorvloedige troos bewerk. Hy het – met respek gesê - nie vanuit die hemel net goeie boodskappies en versies van troos gestuur vir mense wat swaarkry op aarde nie!

Ja, Hy het nie net aan ons gedink nie! Hy het na ons toe gekom in ons nood en ons hieruit kom optel! Ons Here Jesus het die heerlikheid van die hemel prysgegee om as mens hier in die swaarkry saam met ons te ly en Hy het sy lewe afgelê sodat ons aan God se troos deel kan kry!

Christus het gekom om God die Vader se redding, troos en hoop in ons stukkende wêreld te bring! Hy het ons geestelike nood van sonde weggeneem en vir ons genade en vergifnis bewerk. Maar Hy het ook meer gedoen! Hy het God se oorvloedig hulp, troos en uitkoms vir ons stukkende lewens kom oopsluit!

Troos vir stukkende harte, genesing vir siek mense, hoop vir hopelose mense, vermaning vir die wat vermaning nodig het, troos vir die wat troos nodig het! Christus het dit self kom gee – daarom word Hy "Immanuel" genoem! Dit beteken "God met ons"! Hy is die Een wat mense in hulle nood help en ons lei mense na Hom toe!

En dit is wat gelowiges ook doen! WhatsApp boodskappe is aan mens wat swaarkry is goed maar ons moet persoonlik betrokke raak by mense in hulle nood. Dat ons ook uit ons gemaklike lewe tree en by die nood van mense betrokke raak en hulle aan Christus verbind! Ons moet hulle na Jesus toe bring! Soos die verlamde man se

vriende wat hom gedra het, die dak oopgebreek het en hom met toue tot voor Jesus laat afsak het – sodat Jesus hom kan genees!

Br en sr, ons moet mooi verstaan: die troos en bemoediging lê nie daarin dat dit ons is wat iets vir die mense doen nie! God gebruik ons om mense by Christus te bring want in Hom is die oorvloed van troos en bemoediging.

Net ŉ voorbeeld van hoe ons denke hieroor dalk verkeerd mag loop: Is dit regtig troosvol om vir iemand te sê: "ek dink aan jou"? Is dit nie beter om te sê: ek bid dat God jou sal help nie! Die troos is nie dat ek aan die persoon dink nie – die troos lê in wat God vir die persoon doen.

Dis Christus wat mense krag gee en hulle optel uit hulle nood! Hoe doen Hy dit? Hy doen dit deur die Heilige Gees wat in ons kom woon en ons deur die geloof laat deel kry aan die troos, hoop en moed wat God ons gee!

Dit is waarom Paulus in hf 4 vers 7 sê: "[7]Ons wat hierdie skat (dit is Christus) in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie." . Die krag wat alles oortref kom van God deur sy Gees!
Die krag van God wat jou hopeloosste omstandigheid, jou diepste verlies en hartseer, jou groot ellende oortref – dit kom van God deur sy Gees!
Dit is hoe Christus mense troos

En dit, geliefde br en sr, is wat Jesus vanmore ook met ons kom doen! Die Nagmaal se brood en wyn is die metafore vir die geloofskrag, die troos en die bemoediging waarmee Jesus ons vanmore in die geloof voed en versterk! Dit is waarom die Here Jesus ook beveel het dat ons gereeld Nagmaal moet gebruik om ons te herinner dat Hy by ons is in ons swaarkry en dat Hy ons troos en bemoedig.

Dat Hy ons in ons lyding en nood voed en versterk! Dat sy krag ons kan staande hou en ons deur ons swaarkry kan dra! Dat ons met sy krag kan volhard! Sodat ons ook vir ander tot troos mag wees! Wat ek en jy vanmore hier uit die hand van ons Here ontvang – ons troos en ons versterking in die geloof – dit moet ons aan ander gaan uitdeel.

Dit leer die simboliek van die Nagmaal ons ook vanmore! Nagmaal is ŉ eenheidsmaaltyd – ons eet saam! Ons gebruik saam hierdie brood en wyn. Ons gee dit vir mekaar aan en in Christus word ons deur geloof aan mekaar verbind! Ons moet daarom ook na mekaar kyk en vir mekaar omgee!

Al hoewel ons mens in hulle nood na Jesus toe moet bring en nie blote mensgerigte troos moet bied nie, gebruik die Here Jesus ons as mense dus om sy troos uit te deel! Die hele Skrif is vol van die opdrag dat ons mekaar moet help en bystaan! Mekaar moet moed gee, troos gee en positief beïnvloed! Dat ons mekaar hoop gee!

Paulus doen dit self in ons teksgedeelte en noem ŉ paar maniere waarop God ons gebruik!

In die eerste plek lewer Paulus ŉ getuienis van God se bemoediging in sy lewe sodat Hy dit met ander kan deel. En in vers 7 spreek hy die oortuiging uit dat God dit sal gebruik in die lewe van mense! So lewer hy in verse 8 – 10 ŉ getuienis oor ŉ geweldige beproewing wat hulle in Asia getref het en hoe die Here hulle daaruit gered het en dat dit hulle die sekerheid gegee het dat God hulle verder sal red! Hy getuig nie oor homself nie, maar wat God vir hom gedoen het.

In vers 11 beklemtoon Paulus ŉ tweede wyse waarop ons mekaar kan help in nood: deur vir mekaar te bid! Dit bly seker een van die kragtigste maniere waarop ons die oorvloedige bemoediging wat Jesus ons bied, vir ander mense kan bring – deur onophoudelik vir sulke mense te bid! Paulus erken ook die krag van sulke gebede vir ander mense en hoe dit daartoe lei dat God verheerlik word!

Dink so aan jou gebede: Deur te bid neem ons in die geloof mense as't ware aan die hand en lei hulle na die troon van God en sy genade! Mense word oorweldig deur hulle nood en my en jou gebede help om hulle by God uit te bring!

Troos, bemoediging en hoop word in die derde plek ook deur praktiese dade van hulp aan mense in nood gebied. Paulus moedig die lidmate van Korinte in 2 Kor. 8 en 9 aan om geld te gee vir die behoeftige mense in Jerusalem. Hulle moet geld insamel en dit gee sodat mense wat kos en klere en versorging nodig het dit kan kry! Ja, ons troos mekaar nie net met woorde nie, maar ook met dade deur mekaar fisies by te staan

Geliefde br. en sr, ten diepste moet jy die troos van die Here wees gehoorsaam aan God se wet te leef soos ons dit in Romeine 12 gelees het. Dat ons vir mense in nood lief moet wees! Dat ons mense in nood help. Dat ons saam bly is met mense wat blydskap beleef en saam met mense huil wat swaarkry en treur!

Geliefde gemeente: die boodskap van ons Here deur sy Woord en Sakrament is dus: Troos, bemoedig en gee mekaar hoop met die oorvloedige bemoediging wat Christus ons bied.

Maar, br. en sr, weet dat dit ook iets van jou gaan vra! Dit vra selfverloëning om uit my en jou gemaksone te kom! So deel ons ook in die lyding van Christus! Deur ander te help in hulle nood is om saam te dra aan Christus se lyde! Wat ŉ wonderlike eer en voorreg!!!

Om uit ons eie gerieflike wêreld te kom en betrokke te raak by die nood van mense ons omgewing! En dit vra dat jy ook deel aan die lyding van mense – dit jy bereid is om saam swaar te kry! Paulus vertel self hoe sy uitreik na mense wat sonder troos of hoop was vir hom en die ander apostels baie pyn en lyding gebring het! Hulle moes baie opoffer om mense by Christus en sy hoop te bring!
Vyf minute om ŉ boodskap van troos en hoop in Christus met iemand te deel, is vyf minute wat jy seker kom gebruik om met jou besige lewe aan te gaan! "n Besoek aan iemand in nood is seker ŉ uur wat jy nie weer gaan terugkry nie! Die moeite om ŉ paar nuwe name van mense in nood op jou gebedslys te skryf en dalk 5 minute langer te bid, is dalk ŉ groot opoffering! Die geld wat jy uit jou beursie haal om iemand te help wat in nood is, maak jou dalk R 100 of R200 armer! Dit is die offers wat ons ook moet bring! Dink maar net aan wat Jesus moes doen om jou te help – is daar dan tyd, moeite, geld of opoffering wat jy nie kan bekostig nie?

En onthou - ons troos is dit: vir my en jou is daar oorvloed van troos saam met die lyding! Ons staan met arms vol troos, arms vol hoop en bemoediging in Christus om te kan uitdeel want ons weet God sal ons ook weer troos, help en bemoedig!

Ten slotte: deel van die troos wat Jesus ons gee is die feit dat ons die geestesvermoë kry om by die swaarkry verby te kyk en te sien wat kom. Dat ons mekaar ook daarmee troos:
Paulus skryf daarvan in Rom. 8: 18 "[18]Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie."

Ons deel nou alreeds en ons sien nou alreeds die heerlikheid van ŉ toekoms wat vir ons gaan aanbreek waar Jesus in Open 21 sê: "Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God. [4]Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan." [5]Toe sê Hy wat op die troon sit: "Kyk, Ek maak alles nuut."

Br en sr, ek en jy gaan nou in die Nagmaal iets van hierdie nuwe lewe ervaar! Ons gaan iets proe van hierdie nuwe lewe wat Jesus ons gee! ŉ Lewe van troos, bemoediging en hoop! Ek en jy is die draer van hierdie wonderlike troosvolle, nuwe wêreld van hulp, troos, hoop en moed in Christus!

Kom ons gaan leef dit en deel dit hierdie week en elke dag van ons lewe uit aan hooplose mense!

Amen